Wes-Kaapse Regering

VIR JOU



Departement van Plaaslike Regering

# Burgerverslag
2022/23

## Funksie

Volgens die Grondwet is dit die Departement van Plaaslike Regering in die Wes-Kaap se verantwoordelikheid om munisipaliteite te monitor en ondersteun om dienste aan gemeenskappe te lewer. Dit is ook verantwoordelik om goeie bestuur in munisipaliteite te bevorder wat hulle in staat stel om dienslewering te verbeter.

## Visie

‘n Doeltreffende en dinamiese span wat goedbestuurde munisipaliteite in staat stel om dienste aan gemeenskappe op ‘n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde wyse te lewer.



## Missie


Om munisipaliteite te monitor, koördineer en ondersteun om hul ontwikkelingsmandaat doeltreffend uit te voer en om dienslewering en rampweerbaarheid te bemiddel deur skakeling met regeringsfere en maatskaplike vennote.

## Waardes

Ons is trots op hierdie waardes en voer ons taak met integriteit op ‘n humanitêre, bekwame en verantwoordbare wyse uit, deur op ‘n responsiewe wyse op belanghebbendes en kliënte se behoeftes te reageer, en daarna streef om vernuwende maniere te vind om in die behoeftes van ons gemeenskappe te voorsien.


# Beplanning en Finansiële Prestasies

In die 2022/23 finansiële jaar is die Departement se totale begroting van R388 912 000 soos volg toegeken:




- Korporatiewe Dienste
- Munisipale Administrasie
- Openbare Deelname
- Kapasiteitsontwikkeling
- Munisipale Prestasie, Monitering, Verslagdoening en Evaluering
- Integrasie van Dienslewering
- Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram
- Munisipale Infrastruktuur
- Rampbestuur
- Koördinering van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning
- Tradisionele Institusionele Bestuur (R478 000)

# Beplande jaarlikse prestasie-aanwysers vs. Beplande doelwitte bereik










Die Departement is op koers om aan alle aanwysers, soos aangedui in die Strategiese Plan 2020-2025, te voldoen.

# PRESTASIE HOOGTEPUNTE

## Die versekering van 'n vlot oorgang na afloop van die 2021 Plaaslike Regeringsverkiesings


### Die Departement van Plaaslike Regering het:




- ondersteuning verleen en regsvoorligting verskaf om senior bestuursposte te vul.
- werkswinkels gereël om plaaslike regeringspraktisyns te bemagtig om wetlike voorskrifte te vertolk, in te stel en na te kom.
- in samewerking met die Departement van Samewerkende Regering en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering (SALGA) Wes-Kaap, ondersteuning aan munisipaliteite gebied om te verseker dat die Plaaslike Regering gereed was om Munisipale Personeelregulasies en Riglyne in te stel.
- diagnostiese evaluerings oor die Artikel 154-ondersteuningsplanne gedoen om bestuur, administrasie en dienslewering te versterk.

# Opleiding en kapasiteitsbou

## Die Departement van Plaaslike Regering het:



die Munisipale Minimum Bevoegdheid (MMB) Opleiding aan raadslede verskaf om kennis en vaardighede te verbeter.

vir 'n sesde agtereenvolgende jaar erkenning van die Departement van Samewerkende Regering ontvang vir goeie praktyke om munisipaliteite te ondersteun om die instelling van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting na te kom en te monitor.

in vennootskap met die Hanns Seidel-stigting opleiding vir seisoenale skole vir raadslede en munisipale middelbestuurders verskaf.

die Volhoubare Infrastruktuurontwikkeling en Finansiële Fasiliteitsprogram (SIDAFF) ingestel om finansieringsoplossings vir katalitiese infrastruktuur vir 'n groep munisipaliteite in die Wes-Kaap te bied.

die 15-jaar Wes-Kaapse Waterweerstandsplan in September 2022 voltooi.

munisipaliteite met Elektriese Meesterplanne ondersteun, wat hulle in staat stel om toekomstige eise aan die elektriese verspreidingstelsel te voorspel.

# Versterking van burgerkoppelvlak

## Die Departement van Plaaslike Regering het:

burgerlike opvoedings-programme by verskeie munisipaliteite aangebied om lede van die publiek te bemagtig, nie net met kennis oor hul regte en verantwoordelikhede nie, maar ook om hulle in te lig oor die rol wat hulle behoort te speel om munisipale besluitnemingsprosesse te beïnvloed, verstaan en te waardeer.

in vennootskap met belangrike persone, insluitend gemeenskapsontwikkelings-werkers, die voortou geneem om bewustheid van geslagsgebaseerde geweld onder verskeie gemeenskappe te skep. In gesprekke met gemeenskappe was die aandag op geslagsgebaseerde geweldkwessies gevestig. Die Thusong-program was steeds die Departement se belangrikste program wat verskeie projekte loods om positiewe ekonomiese uitwerking op gemeenskappe te versterk.

munisipaliteite ondersteun deur wykskomitees op te lei, en hul operasionele planne te ontwikkel en hersien om sodoende die funksionaliteit van wykskomitees te versterk.

# Beurtkrag


## Die Departement van Plaaslike Regering het:

as ‘n onmiddellike maatreël munisipaliteite gehelp om kragopwekkers aan te skaf om voortgesette funksionering van die afval-watersuiweringsaanlegte en waterreservoirs te verseker.

verskeie inisiatiewe onderneem om munisipaliteite te help om die uitwerking van langdurige beurtkrag op basiese dienslewering te bestuur en te verlig.

- hulp met tegniese adviesdienste;
- ontwikkeling van reaksiestrategieë;
- vestiging van openbare-private vennootskappe wat samewerking tussen staatsdepartemente behels vir projekte om inwoners se lewens te verbeter;
- evaluering van belangrike infrastruktuurkomponente; en
- die bemiddeling van vennootskappe om volhoubare oplossings te soek.

# Samewerkende Beplanning





Die Gesamentlike Distrik- en Metropolitaanse Benadering (GDMB) is regoor die Provinsie suksesvol ingestel. Dit is op samewerking tussen die verskillende regeringsfere op 'n vertikale en horisontale koppelvlak gegrond.

Verskeie burger-gefokusde katalitiese projekte is van stapel gestuur om mense se lewens en hul leefwyse te verbeter.

Die Departement sal voortgaan om hierdie forum vir geïntegreerde en volhoubare dienslewering te benut.

# Departementele Senior Bestuur



# Ons Leiers

Die Departement het 17 befondsde SMS-poste, insluitend die Departementshoof, mnr. G Paulse. Saam met LUR Bredell gee die HvD leiding en advies om die Departement se doelwitte te bereik.





Minister
Anton Bredell



Mnr. Graham
Paulse

**Minister Anton Bredell** is 'n verkose politikus wat vir die Provinsiale Regeringbeleid verantwoordelik is. Sy passie vir die bevordering van alle gemeenskappe dien as aansporing vir die Departement om projekte wat 'n verskil in die lewens van inwoners sal maak, in werking te stel.

Die Hoof van die Departement, **mnr. Graham Paulse,** is 'n staatsamptenaar wat daarna streef om die Plaaslike Regering as die spil van vernuwing te beskou wat tot doeltreffende en geskikte lewering van die Ministeriële en Regeringsriglyne sal lei.

## Verwysings:

- Jaarlikse Prestasieplan 2021/22 and 2022/23
- Jaarverslag 2021/22 and 2022/23
- Strategiese Plan 2020/2025
- Departementele Diensleweringshandves

## Kontak ons asseblief


**Provinsiale Minister**

Mnr.  Anton Bredell
MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING
Privaat sak X9186
Kaapstad, 8000

**Kantoor van die Hoof van die Departement**

Mnr. Graham Paulse
HOOF VAN DIE DEPARTEMENT
Privaat sak X9076
Kaapstad, 8000

**Kontakpersoon**
**Albert Dlwengu**
**DIREKTEUR BELEID EN STRATEGIESE ONDERSTEUNING**
Email:  Albert.dlwengu@westerncape.gov.za
Tel:  +27 21 483 8986 • Faks:  +27 21 483 2312

**Provinsiale webtuiste:** www.westerncape.gov.za/dept/local government
**Tel: 021 483 4997**